Bylaag M
‘n Model vir ‘n gesamentlike sinode tussen die sinodes van NG Kerk Wes- en Suid-Kaapland, NG Kerk Oos-Kaapland en VG Kerk Kaapland vanuit ‘n NG Kerk perspektief

1. **Reglement 6:5 (Kerkorde 2002)**

Reglement 6.5 maak dit alreeds moontlik dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede. Dit is dus nie ‘n eenheidsinode nie, maar eerder ‘n gesamentlike sinode.

2. **Praktiese en kerkregtelike riglyne**

2.1 Die aspekte of sake ten opsigte waarvan die sinodes 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

2.2 n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die sinodes duidelik omskryf.

2.3 Die bestaande reglement 9 wat handel oor kerklike eiendomme, goedere en fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

2.4 Waar die standplaas of ander pos van 'n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet artikel 12 van Die Kerkorde in ag geneem word.

2.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep en indiensstelling van 'n leraar, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie, ens. noukeurig uitgeklaar word.

2.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergaderinge kan ophef of tot niet verklaar nie.

2.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg. Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy/haar verantwoordelike kerkvergadering.

3. Werkswyse

3.1 Die betrokke sinodes moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur. Die skriftelike ooreenkoms sal deur ‘n gesamentlike taakgroep opgestel kan word en aan die onderskeie moderature voorgelê word met die oog op die goedkeuring deur die onderskeie sinodes.

3.2 Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is, die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n sinode is dit die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kom-missie.

4. Uitdagings

4.1 Om die drie sinodes te kombineer veronderstel dat die eerste vergadering uit ‘n personeel van ongeveer 1 500 afgevaardigdes kan bestaan, wat dit baie moeilik gaan maak om ‘n sinvolle vergadering te kan hou, maar weer die voordeel het dat ‘n groot hoeveelheid mense betrek word by die eenheidsproses.

4.2 Om bogenoemde probleem te hanteer, sal die betrokke sinodes by hul onderskeie vergaderings ook kan besluit op ‘n bepaalde getal uit elke sinodale gebied. Vir die NG kerk is dit moontlik om volgens Art 33 self te besluit oor die samestelling van die sinode. Die sinode sou kon besluit op ‘n gelyke aantal leraars en kerkraadslede uit elke ring in die sinodale gebied wat die aantal afgevaardigdes uit die Wes- en Suid-Kaapland onmiddellik na ongeveer 120 afgevaardigdes kan verminder.

4.3 Die probleem is dat ons nog steeds twee aparte kerke is en die onmiddellike vraag na vore bring of al die sake van die onderskeie

sinodes op die betrokke vergadering afgehandel moet en kan word.
4.4 Die ideaal sou wees dat die betrokke vergadering hulself sou kon verdeel in twee of meer sinodes, maar dit is nie moontlik voordat daar op algemene sinodale vlak tot eenheid oorgegaan word nie.

4.5 Voorgestelde proses vir die daarstelling van ‘n gesamentlike sinode:

4.5.1 Die Konvent vir Eenheid spreek hom uit ten gunste van ‘n gesamentlike sinode en stel ‘n taakgroep aan om so ‘n skriftelike ooreenkoms op te stel.

4.5.2 Die skriftelike ooreenkoms word aan die onderskeie moderature voorgelê vir goedkeuring.

4.5.3 Die onderskeie sinodes reël ‘n sinodesitting op dieselfde tyd en plek en behandel die skriftelike ooreenkoms en die ooreenkoms word deur die onderskeie vergaderinge goedgekeur.

4.5.4 ‘n Nuwe gesamentlike sinodesitting word gekonstitueer.